

HOOFSTUK IV.VOORLIGTING EN ORIËTERING VAN DIE KIND.INLEIDEND:

1. Die ideaal van die T.O.D.
2. Die praktyk in skole.
3. Agtergrond, milieu.
4. Wat is die probleme:
  - a. Organisasie - personeel - tyd.
  - b. Aantal leerlinge.
  - c. Skoolprogram - binnemuurs, buitemuurs.
  - d. Kennis, begrip, opleiding.
  - e. Voorligters, voorligting, voogonderwyser.
  - f. Verdere aspekte van voorligting.
5. Voorligting as sodanig.
6. Samevatting.

VOORLIGTING EN ORIËTERING VAN DIE KIND.INLEIDEND.

In die Transvaalse hoërskole word voorligting aan die leerlinge gegee. Op die rooster van die skool word voorsiening gemaak dat elke klas vanaf st. 6 tot st. 10 een periode per week Voorligting ontvang. Hoewel daar op die lesrooster periodes vir Voorligting verskyn, is Voorligting nie 'n vak in die regte sin van die woord nie, maar veel eerder 'n diens wat aan die leerlinge gelewer word.

Voorligting het hoofsaaklik vyf komponente naamlik:

- a. opvoedkundige voorligting,
- b. persoonlike voorligting,
- c. beroepsvoorligting,
- d. voorligting ten opsigte van die besteding van vrye tyd en
- e. gesinsvoorligting.

Dit is vir die onderwyser sowel as vir die ouer nodig om die leerling so goed moontlik te lei, soos ook reeds in die vorige hoofstuk aangetoon. 'n Begrip van die leerling se potensialiteite, sy persoonlikheidstrekke, sy liggaamlike gesondheid en vitaliteit, deur die ouer en onderwyser sowel as deur die leerling self, kan baie daartoe bydra dat die leerling en sy ouers op 'n intelligente wyse keuse ten opsigte van vakke en kursusse maak wat die leerling daartoe in staat stel om sy talente, begaafdhede en verstand tot die maksimum te ontwikkel. In die vorige hoofstuk oor evaluering is hierdie aspek in detail bespreek.

Dit is belangrik dat 'n leerling vooraf begryp watter vakke en kursusse vereis word vir sy verdere studie in die

skool, aan die Kollege of die Universiteit, en ewe belangrik is dit dat sy ouer dieselfde duidelike beeld sal hê van hierdie feite, 'n T.O.D. omsendbrief beklemtoon hierdie feite baie sterk.

Die stadium om te verseker dat die toekomstige opleiding vir die beroep reg is, is in st. 6 en op die laaste in st. 7.<sup>1)</sup> Die Van Wykverslag beveel aan dat doeltreffende voorligting aan leerlinge aan die begin van hulle middelbareskoolloopbaan ten opsigte van rigting- en vakkeuse gegee word.<sup>2)</sup> Langeveld praat van die leiding wat die kind moet kry om hom selfstandig te maak en beklemtoon dat veral aan die onselfstandige leiding en voorligting tot selfstandigheid gegee word.<sup>3)</sup>

#### 1. DIE IDEEAL VAN DIE T.O.D.:

Die omsendbrief hierbo vermeld,<sup>4)</sup> dui voorskrifte i.v.m. Voorligting aan nl.

- a) Hoofde moet besondere sorg daaraan bestee om toe te sien dat geskikte onderwysers vir Voorligting gebruik word;
- b) daar moet soveel onderwysers met die verantwoordelikheid vir Voorligting belas word as wat die omstandighede van die skool vereis, ongeag die grootte van die skool, met dien verstande dat die getal van vier onderwysers vir Voorligting nie oorskry word nie;

- 
1. Onderwysnuusflitse - Sept. 1967, No. 12 p. 6. redaksioneel.
  2. Van Wyk, A.H. du P.: op. cit. p. 59.
  3. Langeveld, M.J.: Beknopte theoretiese paedagogiek, p. 163.
  4. T.O.D. Omsendbrief no. 102, 1965, p. 7 par. E.

- c. beperking vir die aanvra van 'n addisionele voorligtingonderwyser word opgehef;
- d. meer buigzaamheid ten opsigte van die periodes vir Voorligting, veral wat betref die aantal periodes wat vir onderhoude afgestaan word, administratiewe werk en klasonderrig.
- e. Hoofde van hoërskole moet gebruik maak van die departementele voorligtingdiens in die gevalle waar die skool se voorligtingdiens nie die probleme kan hanteer nie.
- f. Hoofde van skole moet toesien dat voorligtingonderwysers op hoogte bly met die toelatings- en ander vereistes vir die verskillende kursusse aan universiteite en ander studie- en beroepsrigtings en dat die inligting aan leerlinge spesifiek by geleentheid van hulle kursus- en vakkeuse verstrekkend word.

Uit die bostaande blyk die belangrikheid van voorligting soos deur die Transvaalse Onderwysdepartement besien. Die T.O.D. hoop ook om binne afsienbare tyd voorligtingsklinieke vir die groter sentra daar te stel. Hierdie klinieke sal be- man word deur deskundiges om probleme wat ervaar word op psigologiese, op gesondheids-, op spraakgebreks- en op remedie- onderwysgebied te help oplos. Dat voorligting 'n ingewikkelde en ambisieuse opset het, blyk o.a. ook uit die Onderwysbulletin waarin die "voogonderwyser" behandel word.<sup>5)</sup> Die mees algemene probleme waarmee die voorligter te doen sal kry, sluit o.m. die volgende in.:

- i. Gesondheids- en fisiese probleme,
- ii. Skool- en leerprobleme,
- iii. Finansiële probleme,
- iv. Sosiale en ontspanningsprobleme,

---

5. Onderwysbulletin. Vol. VIII No. 1, Maart 1963, p. 12.

- v. Morele en godsdienstige probleme,
- vi. Persoonlik- psigologiese probleme,
- vii. Beroepsprobleme en
- viii. Probleme in verband met lewensomstandighede.

En al hierdie sake moet behartig word deur een persoon in die tydsbestek van een periode per week. Gelukkig vir die voorligtingonderwyser word daar vir 'n voogonderwyser voorsiening gemaak, wat dan hiermee behulpsaam behoort te wees.

## 2. DIE PRAKTYK IN SKOLE.

Die eerste vraag wat hom nou voordoën, is of dit alles in die skool gedoen word; 'n beter vraag sou wees of dit moontlik is om dit alles te doen. In die praktyk blyk dit dat daar nie juis baie leerkragte is nie wat in die posisie verkeer, wat parate kennis betref, om hierdie probleme deur sy voorligting vir die kind op te los.<sup>5a)</sup> Die voorligting wat tans in st. 6 gegee word, word gegee hoofsaaklik met die oog op baanindeling en ooreenstemmende vakkeuse. In die hoofstuk oor baanindeling is daar juis op gewys dat nà die inberekening bring van I.K. en klasprestasie, daar weinig of geen tyd vir verdere voorligting beskikbaar is nie. Tewens daar is so vele leerlinge wat as gevolg van ernstige psigologiese en/of sosiologiese probleme in 'n kuil van moedeloosheid verkeer, en wel in so 'n mate dat daar van aanpassing en van volle ontwikkeling van potensialiteite en van volle ontplooiing van persoonlikheid

---

5a. Vgl. Vraag 17 aan Voorligtingonderwysers en p. 65 - 66 van hierdie hoofstuk.

nie sprake kan wees nie.<sup>5b)</sup>. Baie van hierdie gevalle is nie eens aan die Voorligter bekend nie.<sup>5c)</sup>. Baie van hulle word later die sg. onderpresteerders, afwykings en vroë-skoolverlaters.<sup>5d)</sup>. Daar is m.a.w. 'n afwesigheid van prognostiese en van diagnostiese maatreëls en van remediërende onderwys, ja selfs van hulp is daar weinig of geen sprake nie.<sup>5e)</sup>.

### 3. AGTERGROND, MILIEU.

Langeveld<sup>6)</sup> waarsku dat die kind in hierdie ontwikkelingsstadium die prooi mag wees van relativisme, pragmatisme en fiksionalisme en hierdie verskynsels kan uiters belemmerend wees by die opbou van sy lewenshouding en wêreldbeskouing. Dit is die tydperk in die kind se lewe waarin hy moet kies - dit is tewens 'n verkeer in 'n grenssituasie waarin vir die kind niks vasstaan nie. Hy slaan dikwels oor van een uiterste na 'n ander. Sy bewondering van een of ander heldefiguur laat 'n begeerte ontstaan om 'n derglike figuur te word of hom ten minste te probeer naboots. Die kind is 'n bewonderaar van deughelde. Die onderwyser verkeer hier op dun ys en hy en die voorligter kan òf helde òf die teenoorgestelde daarvan wees. Die sukses van voorligting en oriëntering hang as't ware van hierdie verhouding van kind tot onderwyser af. Omdat die kind verder in hierdie ontwikkelingsfase in velerlei konfliktsituasies verkeer, is simpatie en begrip van die kind hoekstene

---

5b. Vgl. Hfst. III p. 34, ook Tabel XI Hfst. V, p.103

5c. Empiriese ondersoek - onderhoude.

5d. Lichter et.al: The drop-outs, ch. 6 p. 100 - 113.

5e. Vgl. Tabel XI p. 103

6. Langeveld, M.J.: op. cit. p. 106 - 112

waarop suksesvolle voorligting berus. Charlotte Bühler noem hierdie fase die "Ergänzungsbedürftigkeit"<sup>7)</sup> - aanvullingsbehoefte. Daar kan 'n intieme verhouding bestaan tussen die leermeester en die leerling - vriendskap tussen die soekende en die persoon wat hom verstaan en lei. Die opvoeder sal hier uiters versigtig moet optree en alle outoritêre optrede eintlik vermy want die kind ervaar benewens die bg. ook die waarde en krag van morele probleme en etiese norme. Hy luister in toegewydheid na wie hom boei en volg hom wat 'n lewensweg wys en 'n lewensideaal voorhou. Daar is 'n soeke na sielsverwantskap en somtyds 'n verval in smartlike belewing van eenzaamheid om dan weer daaruit op te staan as 'n gewillige volgeling of 'n weerbarstige wese wat besluit het om self sy weg te vind. Voorwaar 'n skepsel, delikaat en broos, in 'n grenssituasie, wat òf suksesvol kan kies òf op die verkeerde weg kan beland. Begryp ons hierdie aktuele fase in die kind se ontwikkeling en kan ons sommer op grond van I.K. en klasprestasie 'n etiket van "C-baan" of miskien een van "'n wanaangepaste", omhang?

In die lig van hierdie aspek van die leerling se persoonlikpsigologiese probleme, is dit dan geen wonder dat die departementele omsendbrief voorskryf dat "geskikte onderwysers vir voorligting moet gebruik word", en dat daar "soveel onderwysers met die verantwoordelikheid van voorligting belas moet word, as wat die omstandighede van die skool vereis."<sup>8)</sup>.

---

7. Langeveld, M.J.: op. cit. p. 121.

8. Sien voetnoot 4. p. 57.

Die vrae ontstaan egter of daar wel geskikte onderwysers by elke skool beskikbaar is, en of daar wel meer as een onderwyser by groot skole vir die taak afgesonder word, en of elke skool wel 'n geskikte onderwyser met die taak belas het.

In die praktyk word gevind dat dit met voorligting nie altyd so ideaal daaraan toegaan nie, juis omdat daar nie voldoen word aan die voorskrifte van die T.O.D. soos hierbo uiteengesit nie.<sup>8a)</sup> Ook aan die onderskeie komponente van voorligting kan beswaarlik uitvoering gegee word. Aan opvoedkundige en in 'n mate aan beroepsvoorligting word daar wel iets gedoen. Is dit egter moontlik met die oog op die beperkte tyd en groot getalle leerlinge om persoonlike voorligting, voorligting ten opsigte van die besteding van vrye tyd en gesinsvoorligting tot hulle reg te laat kom?

#### 4. PROBLEME:

Hierdie ontoereikende voorligting kan aan 'n paar oorsake gewyt word.

- a. Organisasie, tyd. Eerstens is daar die faktore van organisasie en tyd. Die leerling se lewe word so georganiseer dat daar min tyd vir die nodige voorligting oorbly. Hier word verwys na die aantal vakke voorgeskryf vir st. 6, en die huiswerk en take wat daarmee gepaard gaan. Dit word beweer deur ouers en ingeligtes dat st. 6 - leerlinge 3 - 4 ure na skooltyd aan afhandeling van huiswerk en take moet wy ten spyte van duidelike voorskrifte van die onderwysdepartement dat hoogstens 1 - 1½ uur aan huiswerk bestee mag word. Daarbenewens word op die leerling druk uitgeoefen om sy bydrae tot sport en ander buiteskoolse aktiwiteite te lewer.<sup>8b)</sup>
- b. Aantal leerlinge: Die st. 6 - klasse aan die groot hoërskole bestaan uit 35+ leerlinge. Hoe is dit menslik moontlik vir 1 of 2 voorligters om in die

---

8a. Empiriese ondersoek.

8b. Vgl. Tabel XII, p. 104.



bestek van die eerste twee kwartale van 'n jaar te midde van al die bedrywighede, aan 120 - 250 st. 6 - leerlinge voorligting te gee wat al die komponente daarvan dek en dan nog rekening te hou met die probleme hierbo genoem? Kan selfs die minimale voorligting i.v.m. vak- en kursus-keuse in die bestek van 'n kwartaal of twee aan soveel leerlinge gegee word en al die infor-masie benodig omtrent elkeen ingesamel word? Voorligting is nie net 'n diens nie, dit is ook 'n noodsaaklike opvoedkundige aangeleentheid vir elke muweling aan die hoërskool. Moet daar dus nie besin word ten einde die voorligtings-program so te organiseer dat daar voldoende tyd vir groeps- en individuele voorligting sal wees nie?

c. Skoolprogram.

Die st. 6 - leerlinge aan die hoërskole bevind hulle met die heropening van die skole in Januarie in 'n vreemde situasie. Hulle is soos die spreekwoordelike skape sonder herder. Hulle moet eerstens in klasse gegroepeer word en, in die grotere hoërskole is dit 'n aansienlike taak. Daar bestaan gewoonlik op daardie tydstip sekere gegewens omtrent die leerlinge soos verskaf deur die onderskeie voedingskole. Volgens hierdie gegewens en beskikbare bevorderings-rapporte moet die klasseindeling plaasvind. Elke leerling maak nou kennis met die vir hom totaal vreemde organisasie van 'n hoërskool ten opsigte van klaskamer en onderwyserverwisseling, lesroosters, aantal vakke en selfs vak-keuses.

Baie van die leerlinge bevind hulle ook vir die eerste maal in 'n skoolkoshuis en ook daar is 'n hele vreemde organisasie waarmee hulle baie gou en doeltreffend kennis moet maak. Hoewel ontgroening ten sterkste verbied word, is dit nogal insiggewend om te verneem hoedat die "groenes" kennis maak met die ouer inwoners en met die organisasie van koshuis en skoolaangeleentheid.

In Transvaalse skole is die eerste kwartaal die "atletiek-kwartaal" en nou moet elke st. 6 - leerling uitgetoets word vir sy atletiek-potensiaal en daarvoor word atletiekoefening middag na middag vereis want, om groot getalle st. 6 - leerlinge uit te toets verg tyd. Daarbenewens is daar nog die ander buiteskoolse aktiwiteite waaraan almal moet meedoen al geskied dit ook as gevolg van dreigemente van "gesoute" leerlinge. Sou daar dan na skoolure enige tyd vir voorligting van enige

aard beskikbaar kan wees? Sou daar, in die verwarde, geestelike en emosionele toestand, kennis van geneem kan word?

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dat die aantal leerlinge aan die sorg van een voorligter toevertrou, dit vir hom moeilik maak om meer as hoogstens naamlyste, lyste van klasprestasies, herkoms van leerlinge (wat betref voedingskole) en 'n paar minder belangrike gegewens op te stel om dan die leerlinge in die bestaande kursusse of bane te klassifiseer.

d. Kennis, begrip, opleiding.

Vervolgens word die aandag gevestig op die vereistes wat uit die aard van die saak aan die kwalifikasies vir die voorligter gestel moet word. Hier gaan dit nie net om kennis en opleiding nie, maar ook om begrip en insig in die fisiese en psigiese lewe van die st. 6 - leerling, gesien in die lig van die bevindings hierbo aangestip. Hier moet pertinent die vraag gestel word of die onderwyser wat die gewone vierjarige onderwysopleiding gehad het, wel instaat is om hierdie gespesialiseerde diens en opvoedkundige taak tot sy reg te laat kom. Shiels voer tereg aan dat voorligters se opleiding sal insluit die tegnieke van psigologiese onderhoud en toetse, intieme kennis van die skoolwese en - organisasie, want voorligting het te doen met 'n ontwikkelingsfilosofie.<sup>9)</sup>

e. Voorligters, voorligting, voogonderwyser.

Die onderwyser verantwoordelik vir voorligting moet nog meer as sy kollega, in 'n intieme vertrouensverhouding tot die kind staan en veral tot daardie kind met persoonlikheids- en sosiologiese probleme. Hierdie verhouding moet veral bestaan ten opsigte van die verhouding van voorligter tot kind, maar moet nie daar ophou nie; dit moet strek tot by die verhouding van voorligter tot ouer. Die voorligter moet hom vergewis, nie net van die ideale van leerling en ouer nie, maar ook van die sosiale milieu, huislike agtergrond en gevalle-geskiedenis. Voorwaar 'n herkuleense taak!

Wat geld vir die voorligter - onderwyser, geld grootliks vir die voogonderwyser. Die voogonderwyser moet 'n plig vervul wat die klasonderwyser nie altyd by magte is om waar te neem nie. Hy moet

---

9. Shiels, F.H. op. cit., p. 139. vgl. ook Vr. 17 aan voorligters, p. 138.

elke individu met takt en simpatie behandel. Hy moet verder deeglik kennis dra van die eienskappe en behoeftes van elke leerling, bekend en vertrouwd wees met die probleme, ideale en veral met die skolastiese vordering. 10). Wanneer daar persentielafwykings te voorskyn tree, sal die voogonderwyser dit moet ondersoek in medewerking met die voorligter en hy sal vertrouwd moet wees met alle persoonlike inligting van die betrokke leerling. 11).

Dit mag van pas wees om hier aan te haal wat Patterson van voorligters sê: "A counselor needs to be educational and vocational adviser, a social worker, a teacher, an organizer and even a public relations man. At the same time he needs some of the skills of a psychologist, some of the knowledge of a physician, some of the insights of a psychiatrist. Perhaps the hardest part of this amazingly complicated function is his need to know where and when his own work properly ends and that of some more specialized worker begins" 12). Dit is reeds in 1945 geskryf! Dit is ook dié ideaal maar dit sal seker ruimer personeelvoorsiening tesame met die verskaffing van volledig opgeleide personeel beteken. Dan eers kan dié id ideaal moontlik bereik word. Dit spreek vanself dat alleen onderwysers met ervaring en opleiding hierdie uiters belangrike taak van voogonderwysers vir die st. 6 - leerlinge in hulle oriënteringsjaar kan en mag behartig, tewens die T.O.D. omsendbrief sowel as die genoemde onderwysbulletin stipuleer hierdie voorwaarde. 13).

f. Verdere aspekte van voorligting.

Daar is egter nog 'n baie belangrike aspek van voorligting wat in die voorafgaande nie spesifiek genoem is nie en dit is dat die dringendste aspek van ons opvoedingstaak in die huidige wêreld is om ons kinders toe te rus vir die belangrike taak naamlik hoe om van dag tot dag in al hul denke, voel en handel op te tree teenoor die gevare van liberalistiese bandeloosheid.

- 
10. Onderwysbulletin Vol. VIII no. 1. Maart 1963, p. 7 - 8.
  11. Omsendbrief No. 12 van 1963, p. 4, par. 6.
  12. Patterson, C.H. Counseling and guidance in schools, p. 63.
  13. Onderwysbulletin, op. cit., p. 6, par. D.

Ons het reeds Langeveld<sup>14)</sup> aangehaal en die ontvanklike gemoed van die kind op hierdie ontwikkelingsfase beklemtoon. Moet die kind deur voorligting nie ook georiënteer word binne die wêreld waarin hy leef en ook ten opsigte, van die massamedia se gebruike en misbruike nie. Kinders moet weet van die geesteswetenskaplike tegnieke van hierdie vernietigingsoorlog teen menslike vryhede en waardighede. Dit is dus ons taak om ook en veral deur voorligting die leerling so volledig moontlik voor te berei om sy denkproses op so 'n wyse in te span dat hy onbevrees die probleme wat hy mag ondervind, die hoof kan bied. Soos Dr. S.R. Laycock dit stel, ons kinders benodig vandag 'n breë agtergrond van betekenisvolle en verbandhoudende kennis, goed gevestigde, veralgemeende gewoontes en standpunte teenoor skeppingsaktiwiteite, wetenskaplike metodes en kritiese denke en heilsame persoonlikheidsontwikkeling met 'n verknogtheid aan vasgelegde morele en geestelike waardes.<sup>15)</sup>

Dië aspek van morele en geestelike waardes lei tot die gedagte van 'n lewens- en wêreldbeskouing. Is dit nie die taak van die voorligter- en voogonderwyser om die leerling toe te rus met 'n lewens- en wêreldbeskouing gefundeer op Calvinistiese leerstelling nie? Die geweldige tempo waarmee veranderinge in die hedendaagse maatskappy intree, veroorsaak dat die ondervinding van ouers in hul jeugjare hemelsbreed van

---

14. Langeveld, M.J. op. cit. p. 116 - 122.

15. Laycock, S.R..Adaptibility to new situations, Monthly letter, University of British Columbia, 1962.

die situasie waarmee hul vandag gekonfronteer word, verskil en vandag se gesinsituasies gevolglik dikwels nie begryp en selfs hanteer kan word nie. Die toenemende funksieverlies van die gesin, waardeur dit al meer op die gemeenskap aangewese raak, veroorsaak dat ouers en kinders hul vrye tyd buitenshuis deurbring. Dit dra by tot 'n verslapping van die gesinsbande en toenemende binnedringing van die verderflike invloede van buite die huis. Die geleentheid tot onderlinge saamhorigheid tussen gesinslede waardeur gesindhede soos hulpvaardigheid, gehoorsaamheid en eerbied ontwikkel, het in 'n groot mate in die hedendaagse gesin verdwyn. Persoonlike verhoudings word intenser belewe, botsings, kom meer voor.

Die hedendaagse ouer kom voor ingewikkelde maatskaplike eise en uiteenlopende norme te staan met die gevolg dat hulle taak om persoonlike norme op te bou baie bemoeilik word. Gewoonlik het hulle nie tyd om norme te verbesonder vir 'n bepaalde situasie vir 'n bepaalde kind nie. Moderne naturalistiese en liberalistiese denkwyses bemoeilik die ouer se gesagsposisie en gesagsverhouding met die kind. Die ouer raak verward en wend hom in moedeloosheid na die massa-media en selfs na die kind vir leiding. Neem onderwysers en onderwysadministrateurs van al hierdie dinge kennis? Die kind moet gelci en gehelp word in sy ontwikkeling tot volwassenheid sodat hy nie net volksgebonde sal wees nie maar boweal Godsgebonde ten einde stewig te kan staan, al die aanslae ten spyt. Is die kind wat die skool verlaat daartoe in staat en word hierdie voorligting gegee?

Wanneer in 'n populêre tydskrif gelees word van "swak en ondoeltreffende voorligting wat in skole gegee word, en die beroepsvoorligting as uiters onvolledig bestempel word"<sup>16)</sup> word dit nie ook tyd om hierdie stand van sake onder oë te neem nie? Die skrywer in bg. tydskrif praat van "veel kennis van baie - maar tog so sonder rigting of doel wat toekomstige beroepe betref". In 'n ander tydskrif word ook gepraat van die verkwisting van ons blanke potensiaal as gevolg van gebrekkige beroepsvoorligting en beroepsopvoedings.<sup>17)</sup> Dit is dus noodsaaklik op middelbare skoolvlak dat voorligtingonderwysers oor omvattende inligting in verband met loopbane beskik ten einde ook in die beroepsvoorligting die leerling deeglik te kan inlig en hom so alles vertrou te gee dat hy nie maar aan sy lot oorgelaat is nie. Hierdie voorligting is vir die onderpresteerder, die laatontwaker en die afwykende van nog meer belang as vir die hoogs intelligente leerling. Beroepsvoorligting moet, om doeltreffend te wees, ook in gedagte hou dat slegs 4% van die bevolking in staat is om te voorsien in die behoefte van leierskap in die industrie, handel, regering en opvoeding.<sup>18)</sup> Daar kan dus nie vermorsing van mense materiaal bekostig word as gevolg van gebrekkige en/of ondoeltreffende voorligting nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die leerling 'n verskeidenheid ingebore moontlikhede besit as ge-

---

16. Louw, G. "Wat gaan ek na matriek doen", Die Huisgenoot Deel XLIII no. 2384, 8 Des. '67, p. 18-21

17. Goosen, D.P. Die verkwisting van ons blanke potensiaal, Onderwysblad, Deel LXIV, no. 744, 1 Okt. 1961, p. 235 - 237.

18. Biesheuvel, S. The nations intelligence and its measurement, S. Afr. J. Sci., Oct. - Nov. 1952, p. 120 - 138.

volg van die interaksie van oorerwing en omgewing selfs nog voor die geboorte en, omdat dit nie moontlik is om hierdie ingebore moontlikhede te meet nie, is dit moeilik om te weet volgens watter maatstaf die individu ontwikkel moet word. Die vraag is dus of voorligting op skool doeltreffend is en voldoen aan die eise daaraan gestel.

##### 5. Voorligting as sodanig:

Samevattend dan erken en besef ons die noodsaaklikheid van voorligting. Juis in die oriënteringsjaar van die middelbare skoolleerling is voorligting van kardinale belang. Opvoedkundig moet die kind voorgelig word in die keuse van vakke en van kursus. Hierdie keuse kan allleenlik suksesvol geskeid aan die hand van gestandaardiseerde toetse ten opsigte van intellek, aanleg, klasprestasie, voorgenome beroep, ouerkeuse en veral persoonlikheids- en psigologiese dispoisies. In hierdie verband word verwys na toetse soos die "Aptitude and achievement measures in predicting high school academic achievement"<sup>19)</sup>. Volgens hierdie verslag is gebruik gemaak van twee tipes toetse om algemene akademiese sukses te bepaal, t.w. die "Grade point average" en die "Essential High School Content Battery" - genoem die "EHSCB". Die e.g. toets genoem "TGPA" verteenwoordig die gewone subjektiewe onderwysers - beoordeling van die leerling volgens prestasie. Die tweede toets is 'n gestandaardiseerde prestasietoets wat 'n objektiewe waardasie is van

---

19. Jacobs, J.N.: Aptitude and achievement measures in predicting high school academic success. Personnel and guidance journal, Vol. 37 Jan. 1959. p. 334 - 341.

'n leerling se prestasie volgens toetse gebaseer op 'n reeks van agt verskillende sub-toetse, wat o.a. ook die Terman-McNemartoets vir verstandelike vermoë insluit of soos ons dit ken, 'n I.K.-toets. Dit is duidelik dat die leerling dus nie in 'n kursus geplaas word bloot op grond van I.K. en klasprestasie nie maar dat alle aspekte van die leerling se vermoëns, aanleg, belangstelling en persoonlikheidsstruktuur in oënskou geneem word. Die moontlikhede vir 'n billike en geregverdigde beoordeling is hier dus redelik groot. Begryp-lik sal hierdie Amerikaanse metode dus 'n meer bevredigende resultaat in die oriëntering kan lewer.

Sodanige gestandaardiseerde toetse se resultate sou dan ook in die persoonlike en beroepsvoorligting nuttig gebruik kon word. Dit sou minstens riglyne kon gee waarop voorligting in genoemde twee verbande kan gestuur word. Wanneer die skool dan ook daartoe gekom het om gebruik te maak van die kennis en aanbevelings van gespesialiseerde personeelbeamptes en bedryfsbestuurders, kan die beroepsvoorligting sowel vir ouers as vir leerlinge soveel waardevoller wees. Opvoedkundige voorligting moet beteken dat die ouers en die skool 'n deeglike studie van die leerling en al sy potensialiteite en ideale maak en in die lig van hierdie inligting moet die leerling en sy ouers adviseer word oor die vakke en kursusse wat hy behoort te kies, sowel as oor die vereistes vir elke kursus en/of beroep.

Dit is verder noodsaaklik dat voorligting rekening sal hou met die probleme van die moderne samelewing wat betref



vryetydsbesteding. In die sosio-ekonomiese struktuur van die moderne samelewing is dit noodsaaklik dat die leerling toegerus en voorbereid sal wees om die situasies wat in die praktiese lewe ontstaan, te kan hanteer.<sup>20)</sup> Gesins- en maatskaplike voorligting mag nie agterweë bly nie. Die stimulering van 'n selfstandige denkwys by die leerling is die hoofsaak van onderwys. Voorligting moet daartoe sy deel bydra en dus die weerbaarheid teen vervlakking en vreemde ideologieë deur middel van 'n eie filosofies gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing bevorder.

Voorligting sal ook kennis moet neem van die verskillende behoeftes van die twee geslagte. Rekening moet gehou word met die verskille in prestasie van die twee geslagte. Het die tyd nie ook aangebreek dat die meisie voorligting sal kry ten opsigte van tegniese rigtings en nie net voorligting nie maar ook die geleentheid om tegniese onderwys te ontvang nie?<sup>21)</sup> In die voorligting van beide geslagte sal egter in gedagte gehou moet word dat die st. 6 = leerling nie ryp is vir die finale keuse van 'n beroep nie en dat die voorligting gedurende die oriënteringsjaar beslis net informierend moet wees.<sup>22)</sup>

'n Belangrike aspek van voorligting is die feit dat reeds in st. 5 'n aanvang daarmee gemaak kan word en wel in samewerking met die middelbare skool. In hierdie proses moet die

---

20. Shiels, F.H. op. cit. p. 116.

21. Idem p. 159.

22. Idem p. 143 - 149.

ouer ook betrek word en wel met die oog op die beter begrip deur die ouer van die potensialiteite van sy kind. Die primêre onderwys sorg in die eerste plek vir die ontwikkeling van die kind in sy totaliteit as somaties-psigies-geestelike wese. Middelbare onderwys is algemeen-vormend en moet dus aansluit by die primêre onderwys. Deur die middelbare onderwys moet die kind gehelp word om sy relasie met die wêreld waarin hy hom bevind, te begryp.<sup>23)</sup> Die oorskakeling van primêre na middelbare onderwys moet geskied met die mins moontlike ontwrigting en onderbreking van die kontinuïteit van die onderwys met die oog op fisiese, emosionele en sosiale aanpassings.<sup>24)</sup> Van hierdie aspek van die onderwys moet die voorligter hom deeglik vergewis. Kandel beklemtoon dat die ontwikkeling van toereikende metodes en tegnieke van voorligting 'n fundamentele uitgangspunt is in die moderne probleem van voorsiening van gelykwaardige opvoedingsfasiliteite vir elke individuele kind.<sup>25)</sup> Diegene verantwoordelik vir voorligting moet 'n eerstepandse kennis besit van die besondere kulturele en sosiologiese agtergrond van die groot verskeidenheid seksies van die gemeenskap en die opleiding van voorligters sal 'n deeglike studie van die tegnieke van psigologiese metodes van

---

23. Pasques, L.J.: Die skakeling tussen ons hoër- en laerskole: Onderwysblad Deel LXXIII, No. 801, Julie 1966, p. 85.

24. Shiels, F.H. op., cit. p. 116.

25. Kandel, I.L.: The new era in education- a comparative study p. 105, 292.

onderhoud, toetsing en gevallestudie moet insluit.<sup>26 & 26a).</sup>

Al hierdie vereistes gestel aan voorligting, met al die aspekte daarvan, laat sterk twyfel bestaan of die basis van toesegging van voorligters en skoolsielkundiges toereikend is en of die organisasie van die aangeleentheid in orde is. Skoolsielkundiges sal in groter getalle voorsien moet word want S.A. kan nie bekostig dat sy blanke mannekrag, as gevolg van wan-aanpassing, frustrasie, onderprestering en watter verhelpbare situasie ook al, vermors word nie. Voorligting, veral in die oriënteringsjaar, het 'n voltydse en gespesialiseerde noodsaaklikheid geword wat nie op 'n massale of afskeepswyse kan gedoen word nie en wat ook seker moeilik binne die bestek van een of twee kwartale afgehandel kan word. Voorligting is een van die fundamentele noodsaaklikhede vir suksesvolle differensiasie. Soos Shiels dit stel, doeltreffende voorligting maak die toewysing van leerlinge aan verskillende kursusse die beste prosedure in die skool want dit skakel seleksie met sy stigmas uit.<sup>27)</sup> Ook du Plessis beklemtoon die noodsaaklikheid van doeltreffende weg-aanwysing of voorligting<sup>28)</sup> na die geskikste skooltipe kragtens elkeen se persoonstruktuur ten einde frustrasie en gevolglike skoolverlating voordat die skoolkursus voltooi is, te voorkom.

---

26. Burt, C.: Age ability and aptitude - the problems of secondary educ. today, p. 30.

26a. Mursell, J.L. The psychology of secondary-school teaching p. 299 - 346.

27. Shiels, F.H.: op. cit. p. 157, 278 - 279.

28. du Plessis, P.J.J.: Die problematiek van die vroeg skoolverlatende blanke jeug in die Rep. van S.A. p. 155.

Dit is vanselfsprekend dat hierdie grootse opset met voorligting in st. 6 net begin kan word maar soos die basiese beginsels van die skoolvakke ook daar gelê word, sal dit seker ook nie onvanpas wees om die kardinale aspekte van hierdie diens vas te lê nie. Die belangrike vereiste bly egter dat voorligting nie in die hande van 'n onderwyser gelaat kan word wat nie deeglik in die taak onderleg is nie.

#### 6. SAMEVATTING:

(a) Soos gepoog is om aan te toon is differensiasie in die moderne tyd 'n integrerende en noodsaaklike beginsel in die onderwys en word dan ook, sover vasgestel kan word, dwarsdeur die beskaafde wêreld aanvaar. Die toepassing van differensiasiebeginsel in die onderwys mag van land tot land verskil, maar wat betref die beginsel dat, waar leerlinge individuele verskille ten opsigte van aanleg, intellektuele vermoëns en beroepsvoorkeur toon, daar voorsiening vir ooreenstemmende gedifferensieerde onderwys gemaak moet word, stem meeste onderwysstelsels ooreen.

In Transvaal is die onderwysstelsel gerig op differensiasie en maak gevolglik teoreties voorsiening vir onderwys in vier rigtings soos aangetoon in hoofstuk II van hierdie verhandeling.<sup>29)</sup> Daar sal in hoofstuk V aangetoon word of daar wel uitvoering aan die aanvaarde beginsel gegee word; in hoofstuk II is ook reeds die struikelblokke veroorsaak deur sekere

---

29. Hfst. 2, p.20 - 21(Van Wykverslag p. 75).

wetgewing, genoem. 30).

Die uitgangspunt dat differensiasie 'n voldonge feit is, is dan die uitgangspunt van hierdie skrywe en gevolglik is baan- of kursusindeling 'n logiese gevolg van hierdie aanvaarde beginsel, hoewel miskien nie die enigste gevolg nie.

Vervolgens is dan aangetoon dat die baanstelsel 'n noodsaaklike uitvloeisel is van die differensiasie-beginsel ten einde voorsiening te kan maak vir die wyd uiteenlopende aansleg en behoeftes van 'n heterogene hoërskoolbevolking. Hierdie oogmerk sal desnoods lei tot spesifieke vereistes vir leerplanne, metodes van onderwys, metodes van meting en toetsing van leerlinge se bekwaamhede, vermoëns en prestasies.

(b) Die wyse waarop baanindeling plaasvind in die Transvaalse skole, is aangetoon. In hierdie beginsel van baanindeling, is die aanvaarding van die beginsel van 'n oriënteringsjaar dan 'n noodsaaklike uitvloeisel, want om die kind in die regte baan te kan plaas, sal dit nodig wees om van hom 'n deeglike studie te maak d.w.s. van sy fisiese, intellektuele, emosionele en sosiologiese behoeftes, ten einde hom te kan identifiseer en te adviseer, t.o.v. kursus en vakkeuse. Dat daar velerlei probleme ontstaan in die oriënteringsproses vir sowel leerling as skool, laat geen twyfel, soos tewens aangetoon in die vrae en probleme gestel in hoofstuk II en waarop getrag sal word in die volgende hoofstuk verder in te gaan.

---

30. Hfst. 2. p.22 (Wet op beroepsonderwys - no. 70 van 1955)

Die aanvaarding van die baanstelsel lei noodgedwonge tot die daarstelling van metodes van prosedure, meting en identifisering van die leerling ten einde 'n basis van evaluering te vind vir die baanindeling van die leerling. Op die belangrikheid van die evaluering van die leerling is in hoofstuk III gewys en ook aangetoon watter onderskeie metodes in die proses gebruik word en hoe noodsaaklik dit is dat in die evalueringsproses baie omsigtig te werk gegaan moet word want die toekoms van 'n skepsel Gods is op die spel en hy mag en kan nie die noodlotsproduk van 'n evalueringsproses wees nie. Daarom dan sal ook getrag word om te wys op die noodsaaklikheid van 'n deeglike en omvattende evalueringsmetode.

(c.) Ten einde die kind te lei tot die ontdekking van homself, sy aanleg en sy potensiaal via die evalueringsmetode in die oriënteringsjaar, sal dit nodig wees dat hy voorgelig en gelei word, nie net ten opsigte van baankeuse nie, maar ook en veral ten opsigte van vak- en beroepskeuse. In die proses van leiding en voorligting van die kind is dit noodsaaklik dat hy nie net ten opsigte van sy kursus, vakke en beroep, voorgelig sal word nie maar ook en wel ten opsigte van 'n eie filosofies gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing. Dit is belangrik om te beseef dat die uiters ontvanklike gemoedstoestand waarin die leerling verkeer op 12 - 14-jarige ouderdom, juis in die oriënteringsjaar van sy hoërskoolloopbaan val en vandaar dan ook 'n verdere noodsaaklikheid vir oriëntering ten opsigte van genoemde lewens- en wêreldbeskouing. Hierdie genoemde beginsels dui op die noodsaaklikheid van voorligting, nie net

ten tye van die oriënteringsjaar nie, maar ook en veral daarna. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid vir voldoende, ten volle toegeruste voorligters op die personeel van elke hoërskool want doeltreffende voorligting is uit die aard van die saak een van die basiese vereistes vir suksesvolle oriëntering en baantoe-wysing wat op hulle beurt die sukses van die onderwys al dan nie bepaal.